**5 SEPTEMBER** **Skriflesing: Psalm 81**

**Fokusgedeelte: Psalm 81:11-16**

## Ek-gerig of God-gerig

Die probleem van hardkoppigheid was iets waarmee Israel hulle hele lewe lank gesukkel het. Ten spyte van verskeie vermanings deur die Here om Hom te volg, het die volk steeds in hardkoppigheid bly voortleef sodat die Here hulle "laat begaan in hulle koppigheid en hulle het hulle eie sin en wil gevolg" (v13). Nooit het God hulle gewing om Hom te volg nie. Israel het altyd 'n keuse gehad en God het hulle toegelaat om hulle eie kop te volg. Aan die einde van Psalm 81 word daar gefokus op die seëninge wat die Here se volk sou geniet indien hulle Hom sou volg – Hy sal hulle voed met die beste koring en versadig met heuning uit die rots. Iets wat Israel nie gesmaak het nie as gevolg van hulle ek-gerigtheid.

Deur die eeue heen tot en met vandag toe, is die eie-ek, is hardkoppigheid steeds deel van menswees, van sondaarwees. In plaas daarvan dat die doel van my lewe moet wees om God te behaag, verskuif die fokus van my lewe baie maklik tot op die punt waar my eie belange en behoeftes sentraal staan en ek van God vergeet.

Hier teenoor staan Jesus Christus wat in die sondaar se plek uitgeroep het: "Laat U wil geskied". Ook het Hy sy Gees gestuur wat my eie-ek afbreek sodat ek nie anders kan en wil as om Hom te volg nie en meer as met die beste koring en met heuning uit die rots, word ek gevoed met die brood van die lewe.

*Ds Pieter Nel (Witbank)*